# HOOFSTUK VIII.

## WETGEWENDE BEVOEGDHEDE VAN DIE STAATSPRESIDENT EN SY VERHOUDING TOT DIE VOLKSRAAD.

In die vorige hoofstuk was daar telkens sprake van die Staatspresident se verhouding tot die wetgewende gesag, maar behalwe sy uitvoerende magte het die staatspresident ook oor definitiewe wetgewende bevoegdhede beskik, waardeur hy in 'n baie nou verband met die Volksraad gestel is.

### 1. Die hoogste wetgewende gesag berus by die Volksraad.

Net soos die uitvoerende gesag deur die volk aan die president opgedra is,[1] het ook die volk van die Z.A.R. die wetgewende gesag aan 'n Volksraad opgedra. Waar in die O.V.S.-konstitusie slegs verklaar word:

> "Het hoogste wetgevend gezag berust by den Volksraad," [2]

het die Grondwet van die Z.A.R. uitdruklik bepaal:

> "Het volk geeft de wetgeving in handen van eenen Volksraad, het hoogste gezag des lands, bestaande uit vertegenwoordigers of lasthebbers des volks ...." [3]

In laasgenoemde Grondwet is nog 'n artikel nodig gevind om die hoogste gesag van die Volksraad te verseker:

> "De Volksraad zal het hoogste gezag des lands zyn, en de Wetgevende Magt." [4]

In geen stadium van die Z.A.R. se bestaan is dit nodig gevind om die bepaling van die hoogste gesag van die Volksraad te verander nie,[5] behalwe ná 1890, toe

---

1) Kyk hoofstuk VII, paragraaf 1 van hierdie werk.

2) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art.3 (Scholtz: a.w., bylaag 1). Vgl. ook Konstitusie (V.S.A.), art.1, seksie 1: "All legislative Powers herein granted shall be vested in a Congress of the United States."

3) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.12; ibid.,1889, art. 12 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl.174). In 1890 verander tot: "De Wetgevende Macht zal berusten by eene Volksvertegenwoordiging, die zal bestaan uit een Eersten Volksraad en een Tweeden Volksraad." (Wet 4/1890 - Locale Wetten der Z.A.R.. 1890-1893, bl.22; Wet 2/1896, art.26 - ibid.,1896, bl.37).

4) Grondwet, 1858, art.29.

5) Kyk Grondwet, 1889, artt.12 en 26.

die Eerste Volksraad die plek van die eertydse Volksraad ingeneem het, wat die hoogste gesag betref.[6]

Hierdie hoogste gesag-bepaling was van besondere betekenis vir die verhouding tussen staatspresident en wetgewende gesag, want dit het alle ander magte onder die gesag van die Volksraad geplaas en derhalwe aan die Uitvoerende gesag geen selfstandige magte gelaat nie. Die handel en wandel van die Staatspresident en die ander lede wat hom in sy uitvoerende werksaamhede bygestaan het, was gedurig onderworpe aan die goedkeuring van die hoogste gesag van die land. Die algemene interpretasie wat deur die Volksraad, en selfs deur president Kruger van hierdie artikel gegee is, naamlik dat die Volksraad as hoogste gesag enigiets kon besluit, selfs al druis dit lynreg teen enige wet in,[7] was 'n uiters gevaarlike interpretasie, omdat daardeur 'n republikeinse stelsel tot 'n despotiese stelsel verander kon word. Onder 'n republikeinse stelsel beteken sodanige bepaling geensins dat die wetgewende gesag bo die wet verhewe is nie, anders was 'n grondwet nie nodig nie, maar dit behoort dié betekenis te hê dat die wetgewende gesag die hoogste gesag onder die wet is.[8]

Ten spyte van hierdie ondergeskiktheid aan die hoogste gesag, was die Staatspresident van die Z.A.R. 'n uiters belangrike figuur in die wetgewende werksaamhede van die staat, en was hy in die praktyk nie so gebonde as wat die teorie wil laat blyk nie. Hoewel die Vrystaatse Konstitusie nie so 'n hoogste gesags-bepaling bevat het nie, het toestande in die

---

6) Wet 4/1890, art.2 en Wet 2/1896, art.27.

7) Volksraadsnotule, art.79, 11 Mei 1887 (Byvoegsel Staatscourant, 18 Mei 1887).

8) Vgl. ook De Volksstem, 12 Mei 1887 (hoofartikel). In 'n ander hoofartikel word in De Volksstem, 28 Okt.1887, baie ernstig gewaarsku teen die houding van die Volksraad, wat vir homself absolute gesag toe-eien.)

praktyk aldaar niks van dié van die Z.A.R. verskil nie, en was die staatspresident net so ondergeskik aan die hoogste gesag van die Volksraad.[9] In albei Republieke het die praktyk egter getoon dat waar die de jure-magte van die president t.o.v. die Volksraad feitlik nul was, die president, indien hy 'n sterk persoon was en geweet het hoe om op te tree, oor de facto-magte beskik het wat hom inderdaad tot die belangrikste en invloedrykste figuur in die hele staatsmasjienerie kon verhef. In die volgende bladsye sal telkens op hierdie bevoegdhede van die staatspresident gewys word.

2. Formele pligte van Staatspresident i.v.m. verkiesing van Volksraadslede en byeenroeping van die Volksraad.

Die verkiesingstyd van lede vir die Volksraad van die Z.A.R. is deur die Grondwet gereël,[10] maar dit was die taak van die staatspresident en Uitvoerende Raad om toe te sien dat vroegtydig van die verkiesings kennis gegee moes word, en dat die verkiesing op die vasgestelde tyd en volgens die voorgeskrewe wyse moes plaasvind. Sedert 1869 was die Uitvoerende Raad ook verantwoordelik vir die ontvangs en publikasie van die rekwisisies wat aan kandidate aangebied is en die antwoorde wat hulle daarop gegee het.[11]

---

9) Vgl. Scholtz: a.w., bl. 117.

10) Nl. in Maart van elke jaar (Grondwet, 1858, art.35). Sedert 1873 is dit bepaal dat die verkiesing in Januarie en Februarie moes plaasvind(Volksraadsnotule, art.155, 12 Junie 1873 - Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 525; Grondwet 1889, art.32 - ibid.,1888-1889, bl.177; Wet 2/1896, art.30 - ibid., 1896, bl. 37.)

11) Tot 1869 was die verkiesing vry (kyk Grondwet,1858, art. 33) maar sedert 1869 is t.o.v. Volksraadslede van 'n rekwisisie-stelsel gebruik gemaak (Reglement v. Orde voor den Volksraad, Sept.1869, art.3; ibid., 1882, art.4 - Locale Wetten der Z.A.R.1849-1885, bl.1077; Grondwet, 1889, art. 30 - ibid., 1888-1889, bl.176; Wet 2/1896, art.39 - ibid., 1896, bl.38).

Kieslyste en kieslote moes na afloop van elke verkiesing aan die Uitvoerende Raad gestuur word.[12] Die bekendmaking van die name en woonplekke van die gekose Volksraadslede moes nadat die Uitvoerende Raad die uitslag van die verkiesing bepaal het, deur die staatspresident gedoen word,[13] terwyl hy die gekose lede moes oproep tot die gewone jaarlikse sitting van die Volksraad deur

(a) 'n deur hom ondertekende kennisgewing in die Staatscourant, wat vir 'n tydperk van ses weke voor die sitting tot met die aanvang van die sitting gereeld gepubliseer moes word;

(b) skriftelike kennisgewings aan die individuele lede, wat minstens drie weke voor die sitting by hulle onderskeie wonings besorg moes word.[14]

In gevalle van buitengewone sittings, waartoe die staatspresident ook die mag gehad het om die Volksraad op te roep,[15] moes die skriftelike kennisgewings so vroeg as moontlik voor die sitting aan die lede besorg word, terwyl die kennisgewings in die Staatscourant so gou as moontlik daarna gepubliseer moes word.[16]

---

12) Grondwet, 1858, art. 35; ibid., 1889, art. 32 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 177). Hierdie bepaling kom nie in Wet 2/1896 voor nie, hoewel die praktyk dieselfde gebly het.

13) Grondwet, 1858, art. 76; ibid., 1889, art. 73; Wet 2/1896, art. 98. Die bepaling is nie in die Konsep-grondwet van 1889 opgeneem nie omdat dit volgens die Grondwetkommissie in die Kieswet tuisgehoort het (kyk Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1889).

14) Grondwet, 1858, artt. 75 & 77; ibid., 1889, artt. 74 & 79; Wet 2/1896, art. 99 (albei Volksrade); Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 1 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 1076); ibid., 1887, art. 1 (ibid., 1886-1887, bl. 172); Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891, art. 1 (ibid., 1890-1893, bll. 267-268); ibid., 1894, art. 1 (ibid., 1894, bl. 249); ibid., 1896, art. 1 (ibid., 1896, bl. 309); Reglement van Orde voor den Tweeden Volksraad der Z.A.R., 1891, art. 1 (ibid., 1890-1893, bl. 298); ibid., 1894, art. 1 (ibid., 1894, bl. 146); ibid., 1898, art. 1 (ibid., 1898, bl. 355).

15) Grondwet, 1858, artt. 54 en 75; ibid., 1889, artt. 50 en 72; Wet 2/1896, artt. 45 en 97.

16) Kyk art. 2 van al die Reglemente van Orde genoem in voetnoot 14, hierbo.

Gekose lede wat die betrekking van Volksraadslid nie kon of wou aanvaar nie, moes onmiddellik nadat hulle die kennisgewing van hulle verkiesing ontvang het, met volledige vermelding van redes, hulle besluit aan die staatspresident meedeel, en die Uitvoerende Raad moes dan daaroor oordeel.[17] Lede wat nie in staat was om die vergaderings op die bepaalde tyd by te woon nie moes daarvan aan die Regering (staatspresident en staatssekretaris) kennis gee, en laasgenoemde moes die kennisgewing aan die voorsitter van die Volksraad oorhandig.[18] Indien 'n Volksraadslid sy bedanking wou indien, moes dit ook by die staatspresident geskied, waarna laasgenoemde 'n nuwe verkiesing moes bepaal om in die oopgevalle betrekking te voorsien.[19] In 1882 het die Regering egter gemeen dat dit die prerogatief van die Volksraad was om bedankings van sy lede te aanvaar en hulle plekke weer te laat opvul, maar die Volksraad het gevoel dat dit niemand anders as die Regering se taak was nie.[20] Dieselfde taak het ook op die skouers van die president gerus wanneer 'n vakature deur die dood van 'n lid ontstaan het.[21]

As 'n gekose lid nie die nodige kwalifikasies besit het nie, het dit enigeen vrygestaan om met die nodige bewyslewering die president se aandag daarop te vestig, in welke geval die president die saak moes ondersoek, en indien hy van die gegrondheid van die

---

17) Grondwet, 1858, artt. 37 & 39; ibid., 1889, artt. 34 & 36; Wet 2/1896, artt. 57 & 59.

18) Art. 3 van al die Reglemente van Orde, genoem in voetnoot 14, hierbo.

19) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 3 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 1078); ibid., 1887, art. 8 (ibid., 1886-1887, bl. 174). Die artikel kom nie in die Reglemente van Orde vir die Eerste en Tweede Volksraad voor nie.

20) De Volksstem, 3 Mei 1882 (hoofartikel).

21) Vgl. Aanspraak van vise-president Kruger by opening van Volksraad op 1 Mei 1882, art. 2 (Byvoegsel Staatscourant, 4 Mei 1882); Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 11, 2 Mei 1882 (ibid., 11 Mei 1882); Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art.7 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 1078); ibid., 1887, art. 7 (ibid., 1886-1887, bll. 173-174). Die artikel kom nie in die Reglemente van Orde vir die Eerste en Tweede Volksraad voor nie.

klagte oortuig was, moes hy die klagskrif vóór die opening van die Volksraad aan die voorsitter van die Volksraad oorhandig en op die verwydering van so 'n lid aandring.[22] Hoewel die Volksraad by ten minste een geleentheid die artikel so geïnterpreteer het dat die staatspresident finaal moes besluit of so 'n lid sitting mog neem of nie, het president Burgers die standpunt gehandhaaf dat die Regering die nodige ondersoek moes doen, maar dat die finale beslissing deur die Volksraad moes geskied, 'n standpunt wat deur die Volksraad aanvaar is.[23]

Wat die byeenroeping van vergaderings betref, het die staatspresident van die O.V.S. oor dieselfde magte beskik as dié van die Z.A.R.,[24] terwyl bedankings ook by die staatspresident ingedien moes word, waarna hy deur middel van nuwe verkiesings die vakante betrekking(s) moes laat opvul.[25]

3. Algemene verantwoordelikheid van die Staatspresident aan die Volksraad - sy Aanspraak.

Die Konstitusie van die O.V.S. het uitdruklik bepaal dat die staatspresident aan die Volksraad verantwoordelik was en dat sy

> "handelingen of verrigtingen van appél voor den Volksraad onderhevig zullen zyn."[26]

---

22) Grondwet, 1858, art. 31; ibid., 1889, art.28; Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 4(c). ibid., 1887, art.4. Die bepaling kom ook nie in die Reglemente van Orde vir die Eerste en Tweede Volksraad voor nie, terwyl in die Grondwet van 1896 bepaal is dat sodanige klagtes by die Regering ingedien moes word, waarna die Regering al die desbetreffende stukke aan die voorsitter van die betrokke Volksraad sou oorhandig.(Wet 2/1896,art. 44 - Locale Wetten der Z.A.R., 1896, bl. 39).

23) Volksraadsnotule (Z.A.R.-, art 41, 8 & 9 Mei 1876 (Byvoegsel Staatscourant, 7 Junie 1876).

24) Kyk Scholtz: a.w., bll. 51 & 131.

25) Volksraadsnotule (O.V.S.), 4 Feb. 1876.

26) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 29; ibid., 1866, art. 31 (Scholtz: a.w., bylae 1 & 2); Wetboek van den Oranje-Vrystaat, 1854-1891, bl. 15.

Verder is die staatspresident van die O.V.S. onder die verpligting gestel om elke jaar by geleentheid van die Volksraadsvergaderinge verslag te doen van die staat van die kantore en die openbare diens, terwyl hy die Volksraad met raad en advies moes dien, en indien nodig, wetsontwerpe aan hulle moes voorlê.[27)]

Volgens hierdie bepalings het die president van die O.V.S. so goed as geen mag gehad nie en was hy en die lede van die Uitvoerende Raad niks anders as blote instrumente in die hande van die Volksraad, wat eenvoudig na die wil van die Volksraad moes handel nie.[28)]

Aanvanklik word in die Grondwet van die Z.A.R. geen besondere bepaling aangetref wat definitief bepaal het dat die staatspresident vir sy handel en wandel aan die Volksraad verantwoordelik was nie. Tog straal die beginsel uit haas elke artikel van die Grondwet waarin die magte en pligte van die president bepaal word.[29)] Die Grondwet het egter direk die verpligting om gereeld aan die Volksraad verslag te doen op hom gelê:

> "Ook zal hy (d.i. die President van die Uitvoerende Raad) tydens die zitting van den Volksraad(d.i. die jaarlikse sitting) verslag geven van zyne verrigtingen gedurende het afgeloopen jaar, van den toestand der Republiek en van al wat haar be[illegible]ng in het algemeen betreft."[30)]

---

27) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 31; ibid., 1866, art.33 (Scholtz: a.w., bylae 1 & 2); Wetboek van den Oranje-Vrystaat 1854-1891, bl. 15). Vgl. ook Scoltz: t.a.p., bll. 24 & 25 en Konstitusie (V.S.A.), art. II, seksie 3: "He (d.i. die president) shall from time to time give to Congress information of the state of the Union and recommend to their consideration such measures as he shall judge necessary and expedient."

28) Scholtz: a.w. bll. 67 & 88. Vgl. ook De Zuid-Afrikaan, 24 April 1854 (hoofartikel).

29) Vgl. bv. hoofstuk VII van hierdie werk.

30) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 74; ibid., 1889, art. 71 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 183); Wet 2/1896 (ibid., 1896, bl. 47). Sedert 1890 moes die verslag aan die Eerste Volksraad gedoen word.

Sedert 1877 is die verantwoordelikheidsbepaling egter ook permanent in die Grondwet opgeneem toe uitdruklik bepaal is dat die staatspresident aan die Volksraad (ná 1890, aan die Eerste Volksraad) verantwoordelik was.[31]

Die Staatspresdent in albei Republieke het gewoonlik by geleentheid van die opening van die Volksraad 'n Aanspraak gehou, waarin hy verslag gedoen het

(a) van die uitvoering van die aan hom opgedraagde verrigtinge, asook van die algemene stand van sake m.b.t. kantore en dié van die land in die algemeen;

(b) van maatreëls wat tydens die reses deur hom en die Uitvoerende Raad getref is en waarvoor die goedkeuring van die Volksraad nog verkry moes word;

(c) en ten slotte het hy maatreëls, meestal in die vorm van wetsontwerpe, aan die Volksraad voorgestel, wat deur hom as noodsaaklik geag is.

Die Aanspraak het gewoonlik min of meer die program vir die Volksraadsitting bepaal,[32] want die bespreking van elke afsonderlike artikel daarvan deur die Volksraad het die belangrikste gedeelte van die tyd van die vergaderinge in beslag geneem.

Aanvanklik is die president in die Z.A.R. telkens deur die Volksraad aangeskrywe om sy verslag aan die Volksraad te kom doen,[33] maar omdat sy Aanspraak nie net 'n verslag van die gedane verrigtinge was nie, is hy later uitgenooi om sy Aanspraak op die openingsdag van die Volksraadsvergadering te kom hou.

---

31) Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk 1, art. 1 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 680); Wet 3/1881, art.1 (ibid., bl. 1025); Grondwet 1889, art. 56 (ibid., 1888-1889, bl. 180); Wet 2/1896, art.81.

32) Vgl. ook Engelbrecht: T.F. Burgers, bl. 275.

33) Bv. R. 382/63: Voorsitter en sekretaris van Volksraad aan fung. pres. van Rensburg, d.d. 21 Mei 1863; R. 764/63: ibid., d.d. 12 Okt. 1863; R. 766/64; Voorsitter Volksraad aan pres. Pretorius, d.d. 12 Sept. 1864; R. 1045/65: Voors. en sekr. Volksraad aan pres. Pretorius, d.d. 11 Sept. 1865.

Ook dit het volgens 'n vaste prosedure geskied, soos metteryd in die Reglemente van Orde vir die Volksraad omskrywe is.

In die Z.A.R. is 'n Volksraadskommissie gekies om die President te gaan haal wanneer hy sy Aanspraak moes hou, wat hy dan gedoen het onmiddellik na die openingsgebed plaasgevind het. Hy het sy Aanspraak self of deur die staatssekretaris laat voorlees.[34] Sedert 1858 het die Volksraad onmiddellik daarna 'n kommissie gekies om die verslag van die president na te gaan, 'n rapport daaroor by die Volksraad in te dien, waarop die Volksraad dan 'n voorlopige antwoord aan die president opgestel het.[35] Na 1881 het hierdie artikel uit die Grondwet verdwyn, maar is die prosedure in 'n effens gewysigde vorm in die Reglement van Orde vir die Volksraad omskrywe. Die Aanspraak van die staatspresident moes vooraf gedruk word,[36] en onmiddellik na die uitspreke daarvan moes 'n kopie aan elke lid voorsien word.[37] Sedert 1882 is ook nie meer 'n kommissie gekies om die Aanspraak na te gaan nie, maar het die voorsitter van die Volksraad onmiddellik nadat die staatspresident die woord gevoer het, skriftelik daarop geantwoord.[38] In 1894 het die Eerste Volksraad besluit dat die Volksraadslede die Aanspraak, en die Uitvoerende Raadslede die antwoord van die voorsitter van die Volksraad staande sou aanhoor.[39]

---

34) President Kruger het dit meestal laat voorlees.

35) Grondwet, 1858, art. 46.

36) Dit was die geval in die O.V.S. sedert 1856 (Volksraadsnotule (O.V.S.), 6 Februarie 1856 en 3 Feb. 1857).

37) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 66 (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl. 1085); ibid., 1887, art. 65 (ibid.,1886-1887, bl. 65); Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891, art.55 (ibid.,1890-1893. bl. 274); ibid.,1894, art.57(a) (ibid.,1894, bl.257); ibid., 1896, art.57(a) (ibid.,1896,bl.317).

38) Ibid.

39) Notule Eerste Volksraad, artt.142-144, 21 Mei 1894; Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1894, art.56 (Locale Wetten der Z.A.R., 1894, bl.257); ibid., 1896, art.56 (ibid.,1896, bl. 317).

Verder was dit in die Z.A.R. die gewoonte dat die Volksraad, nadat bogenoemde verrigtinge afgeloop was en die kommissie die president weer uit die vergadering geleide gedoen het, tot die volgende dag verdaag het.[40]

In die O.V.S. het die prosedure nie veel van die hierbo beskrewe verskil nie.[41]

Hoewel die staatspresident net soos die van die O.V.S. in alle opsigte deur sy verantwoordelikheid aan die Volksraad gebonde was, was nie een van hulle in die praktyk 'n willose werktuig in die hande van die wetgewende liggaam nie. Net soos hy in sy uitvoerende hoedanigheid, ten spyte van al die beperkinge, 'n persoon in 'n amp was waarmee deeglik rekening gehou moes word, het hy ook t.o.v. die Volksraad sekere wetgewende bevoegdhede besit wat hom, afgesien van beperkinge en verantwoordelikheid, in staat gestel het om 'n leidende aandeel in die wetgewing van die staat te neem.

4. Staatspresident en wetgewing.

Die aandeel van die staatspresident aan die wetgewing van die staat en sy wetgewende bevoegdhede kan gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde bespreek word.

(a) Staatspresident as voorsteller van wetsontwerpe.

> "Aan den president is opgedragen het voorstellen van wetten aan den Volksraad, hetzy eigene voorstellen, hetzy anderen van het volk by hem ingekomen....."[42]

Dit was die opdrag wat in 1858 deur die Grondwet aan die president van die Z.A.R. gegee is. In 1877 het die bewoording van die artikel 'n wysiging ondergaan, waarvan die betekenis daarvan nog duideliker gestel word:

---

40) Vgl. Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 14, 7 Mei 1888 (Byvoegsel Staatscourant, 16 Mei 1888).

41) Kyk Scholtz: t.a.p., bl. 52.

42) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 66. Vgl. ook ibid., art. 13, en hoofstuk VII, paragraaf 1 van hierdie werk.

"De Staatspresident doet de voorstellen van wet aan den Volksraad....."[43]

Die reg van die volk om by die President wetsvoorstelle in te dien, is weereens in 1866 beklemtoon,[44] maar daarmee was dit nog geen uitgemaakte saak dat sodanige voorstelle voor die Volksraad gelê sou word nie. Die Staatspresident en Uitvoerende Raad moes hierdie voorstelle eers aan hulle oordeel onderwerp en besluit of sodanige wetgewing nodig of gewens was of nie.[45] Indien dit onnodig of ongewens geag is, het die volk nog altyd die reg gehad om hulle per memorie na die Volksraad te wend en kon laasgenoemde liggaam aan die president opdrag gee om sodanige wetgewing voor te berei en dit ter behandeling aan die Volksraad voor te lê.

Die indiening van wetsontwerpe was nie die alleenreg van die Staatspresident nie, want Volksraadslede kon ook wetsvoorstelle aan die Raad voorlê.[46] Daar was egter een belangrike verskil t.o.v. die indiening van wetsontwerpe deur die staatspresident, en die van 'n lid van die Volksraad. Die staatspresident het nie vooraf die verlof van die Volksraad nodig gehad om wetsontwerpe ter tafel te lê nie, maar wanneer 'n Volksraadslid dit wou doen, moes hy eers die toestemming van die Raad daarvoor verkry. Dan moes so 'n lid eers die algemene strekking van die beoogde wetgewing verduidelik, en die Volksraad na beraadslaging daaroor besluit of sodanige verlof verleen kon word.

---

43) Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk 1, art. 4 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl.680), gehandhaaf in Wet 3/1881, art. 3 (ibid., bl.1026); Grondwet, 1889, art. 62 (ibid., 1888-1889, bl. 181); Wet 2/1896, art. 87 (ibid., 1896, bl.46); Konsep-grondwet, 1899, art. 79 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899).

44) E.V.R. 7A: Volkraadsnotule, art. 242, 26 Sept. 1866.

45) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 67; ibid., 1889, art. 63 (Locale Wetten der Z.A.R., 1888-1889, bl. 182); Wet 2/1896, art. 88 (ibid., 1896, bl. 46); Konsep-grondwet, 1899, art. 79 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899).

46) Vgl. ook Gey van Pittius: a.w., bl. 21.

Indien wel, moes die lid die ontwerp by die sekretaris van die Volksraad indien. Laasgenoemde moes dit aan die Regering besorg en die Regering moes hulle rapport daaroor nog in dieselfde sitting aan die Volksraad lewer. As die maatreël noodsaaklik was, kon die Volksraad dit dadelik in behandeling neem; anders is dit aan die Regering opgedra om dit dieselfde weg as alle ander wetsontwerpe te laat gaan en by die volgende sitting weer in te dien.47)

Die opdrag om wetsvoorstelle by die Volksraad in te dien is in die O.V.S. nie so pertinent aan die staatspresident gegee nie. Van hom is verwag dat hy die Volksraad

> "....met raad en advies dienen en indien noodig wetsontwerpen ter tafel leggen...."48)

Waar aan die president van die Z.A.R. dus definitief die opdrag gegee is om wetsontwerpe aan die Volksraad voor te lê, is aan sy Vrystaatse kollega die opening gelaat om sodanige voorstelle wanneer hy dit nodig mog vind, aan die Volksraad voor te lê. Hoewel hierdie bepaling uiters gering lyk, het die Vrystaatse president in die praktyk oor bykans dieselfde magte beskik as dié in die Z.A.R. en

---

47) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, artt. 74 & 67(f) (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll. 1087 en 1085-1086); ibid., 1887, artt. 73 en 66(f) (ibid.,1886-1887, bll. 182-183 & 181); Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891, artt. 63 & 56(g) (ibid.,1890-1893, bll. 276 &275); ibid., 1894, artt. 65 & 58(g) (ibid., 1894, bll. 260 &258); ibid., 1896, artt. 65 & 58(g) (ibid., 1896, bll. 320 & 318); Reglement van Orde voor den Tweeden Volksraad der Z.A.R., 1891, artt. 58 & 51(g)(ibid., 1890-1893, bll. 306 & 305); ibid., 1894 artt. 59 & 53(g) (ibid., 1894, bll. 320 & 318); ibid., 1897, artt. 59 & 53(g) (ibid., 1897, bll. 156 & 154); ibid., 1898, artt. 59 & 53(g) (ibid., 1898, bll. 364-365 & 363). Teen hierdie prosedure, waraan indiening van wetgewing deur Volksraadslede onderworpe was, het De Volksstem (10 Ja.1883) heftig beswaar aangeteken omdat die Volksraadslede se eintlike plig ook die indiening van wette behoort te wees.

48) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 31; ibid., 1866, art. 33 (Scholtz: a.w., bylae 1 en 2); Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891, bl. 15.

> "het dit die president in staat gestel om op feitlik elke gebied sy wil deur te voer. Die oorsprong van die meeste wetsontwerpe was nie die volksraad self nie maar die president. Met elke jaarlikse sitting van die Raad het die president 'n groot aantal wetsontwerpe ter tafel gelê en die vernaamste wette wat gedurende die bestaan van die republiek gepasseer is, was almal afkomstig van hom óf is deur die Uitvoerende Raad óf 'n hoofamptenaar opgestel onder leiding van die president." 49)

Dit het ook vir die staatspresident van die Z.A.R. gegeld.

Vanselfsprekend was die staatspresident in albei Republieke meer as enigiemand anders in staat om wetgewing by die Volksraad in te dien. Hy was die man wat as hoof van die administrasie ten volle op hoogte was met leemtes wat deur wetgewing aangevul moes word. Hy was die persoon wat met sy vinger op die pols van die volk moes lewe en wat deur sy jaarlikse reise seker die vertroudste persoon met die behoeftes van die land was. Dit was sy taak om voortdurend sy oë oop te hou en oor die belange van land en volk te waak. Dit is dan ook geen wonder dat die Volksrade van die twee Republieke die wetgewing wat deur hom ingedien is, met die grootste agting bejeën het nie en baie min deur hulle afgekeur is.[50]

Hoewel die staatspresident nie nodig gehad het om die goedkeuring van die Uitvoerende Raad te verkry vir wetsontwerpe wat hy wou indien nie, het hy, in albei Republieke, egter eers so 'n wetsontwerp aan die Uitvoerende Raad voorgelê. Indien hy vooraf die goedkeuring van die Uitvoerende Raad verkry het, het dit natuurlik sy hande gesterk wanneer die Volksrade die ontwerp behandel het, maar wanneer hy dit nie verkry het nie, het dit ook die Uitvoerende Raadslede vrygestaan om in die Volksraad hulle persoonlike opinies daaroor uit te spreek. In laasgenoemde geval het die staatspresident dan alleen gestaan.[51]

---

49) Scholtz: a.w., bl. 116.

50) Vgl. ook ibid., bll. 116-117.

51) Dit was bv. die geval met die wetsontwerp wat pres. Kruger in 1889 aan die Volksraad voorgelê het, waarmee die totstandkoming van twee volksrade beoog is (vgl. Volksraadsnotule, art. 303, 29 Mei 1889 - Byvoegsel tot Staatscourant, 5 Junie 1889; The Star, 31 Mei 1889: "The Dual Chamber Scheme.)

Die opstel van 'n wetsontwerp kon deur die president self geskied, of deur hom en die Uitvoerende Raad, of deur een of ander amptenaar aan wie die taak deur die staatspresident opgedra kon word. In die praktyk het die president in albei Republieke dikwels van amptenare gebruik gemaak om konsepwette voor te berei.[52] Aanvanklik is veral van die dienste van die staatsprokureur gebruik gemaak,[53] maar namate meer amptenare toesig oor die staatsdepartemente verkry het, is ook aan hulle soortgelyke opdragte gegee. By enkele geleenthede het die Volksraad ook op eie inisiatief, of op versoek van die staatspresident 'n kommissie uit die Volksraad benoem om bepaalde wetsontwerpe voor te berei, maar altyd in samewerking met die Regering.[54]

(b) Publikasie van wetsontwerpe deur die Staatspresident.

As die staatspresident van die Z.A.R. 'n wetsontwerp aan die Volksraad wou voorlê, moes hy die ontwerp ten minste drie maande voor die aanvang van die Volksraadsitting in die Staatscourant ter kennisname van die volk publiseer, tesame met alle ander stukke wat deur hom as nodig en nuttig beskou is.[55] Omdat wetgewing somtyds so dringend kon wees dat dit nie drie maande vooraf aan die die oordeel van die volk onderwerp kon word nie, het die Volksraad die reg gehad om in dringende gevalle konsepwette te behandel wat nie vooraf gepubliseer was nie, maar indien dit sou gebeur, moes grondige redes deur die Volksraad vir

---

52) Scholtz: a.w., bl. 116; Wypkema: Die invloed van Nederland en Nederlands-Indië op ontstaan en ontwikkeling van die regswese in S.A. tot 1881, bll. 185-190.

53) Bv. U.R.1A: Uitvoerende Raadsnotule, art.32, 5 Mei 1859; Volksraadsnotule, art.16, 13 Sept.1859 (S.A. Argiefstukke, Tvl., no.4, bl.17); R.213/66: Staatsprokureur aan Uitv. Raad, d.d. 16 Feb. 1866; R.977/71: Staatsprokureur aan Gouvernementsecretaris, d.d. 6 Sept.1871; R.140/74: Staatsprokureur aan Staatssekretaris, d.d. 7 Jan. 1874.

54) Volksraadsnotule, artt.101-102, 15 Mei 1889 (Byvoegsel Staatscourant, 22 Mei 1889); V.R.R. 71/89: Staatssekretaris aan Volksraad, d.d. Mei 1889.

55) Grondwet, 1858, art.66; ibid., 1889, art.62 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 181); Wet 2/1896, art. 87 (ibid., bl. 46).

so 'n stap verstrek word.[56]

Die publikasie van 'n wetsontwerp in die Staatscourant was bedoel om aan die volk die geleentheid te gee om, indien hulle wou, hulle sienswyse daaroor aan die Volksraad te kenne gee vóór die ontwerp in behandeling geneem sou word.[57] Van hierdie reg het die volk in beide die Republieke, maar veral in die Z.A.R., geweldig baie gebruik gemaak, en haas geen wetsontwerp is gepubliseer in verband waarmee daar nie memories by die Volksraad ingestroom het nie. Op hierdie reg was die volk uiters jaloers. In 1899 het die Grondwethersieningskommissie byvoorbeeld aanbeveel dat die artikel waarin die vooraf-publikasie van wetsontwerpe voorgeskryf word, aldus verander moes word:

> "Zoo mogelyk zullen de voorstellen van wet door hem (d.i. die Staatspresident) drie maanden vóór het indienen door middel van publicatie in de Staatscourant aan het algemeen worden bekend gemaakt."[58]

Teen hierdie voorgestelde verandering het nie minder as 27 memories, onderteken deur 878 persone, by die Eerste Volksraad ingekom nie, waarin gevra word dat die zoo mogelyk geskrap moes word en die artikel so moes lui dat alle wetsvoorstelle gepubliseer moes word.[59]

---

56) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art.72 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl.1086); ibid.,1887, art.71 (ibid.,1886-1887,bl. 182); Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891, art.61(ibid., 1890-1893, bl.276); ibid.,1894, art. 63(ibid.,1894, bl.259); ibid.,1896, art. 62 (ibid.,1896, bl.319); Reglement van Orde voor den Tweeden Volksraad der Z.A.R., 1891, art.56 (ibid.,1890-1893, bl.306); ibid.,1894, art.57 (ibid., 1894, bl.319); ibid., 1897, art.57 (ibid., 1897, bl. 155); ibid., 1898, art. 57 (ibid., 1898, bl.364).

57) Grondwet (Z.A.R.), 1858,art.12; ibid., 1889, art.12 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl.174); Wet 2/1896, art.12 (ibid., 1896, bl. 36).

58) Konsep-grondwet, 1899, art.79 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.594, 25 Julie 1899).

59) E.V.R.: 324/99; 359/99; 571/99; 697/99; 840/99; 860/99; 873/99; 962/99; 1359/99; 1507/99; 1611/99; 1765/99; 1796/99; 1882/99; 2157/99; 2160/99; 2182/99; 2193/99; 2198/99; 2220/99; 2265/99; 2344/99; 2363/99; 2560/99; 2625/99; 2363/99; 2560/99; 2625/99; 2732/99.

'n Lang bespreking van die voorstel en memories het gevolg, waarin raadslid Steyn die gevoel van die Eerste Volksraad vertolk het toe hy daarop gewys het dat die verandering van die artikel die gevaar ingehou het dat dit die stem van die volk in die wetgewing van die land sou kon wegneem.[60] Daarna het die Eerste Volksraad met meerderheid van stemme aan die wens van die memorialiste voldoen.[61]

In die Republiek van die O.V.S. moes die staatspresident en enige ander voorsteller van wetsontwerpe sodanige ontwerp minstens ses weke voor die aanvang van die Volksraadsitting in die Gouvernements Courant publiseer.[62] Hierdie bepaling is sedert 1858 in die Reglement van Orde vir die Vrystaatse Volksraad opgeneem.[63] Die voorbehoud was ook daar dat die Volksraad 'n ontwerp wat nie gepubliseer is nie, kon behandel, mits grondige redes vir die stap verstrek word, maar in 1882 is t.o.v. dié voorbehoud strenger maatreëls getref toe neergelê is dat sodanige wetsontwerpe behandel kon word alleen as twee-derdes van die lede van die Volksraad ten gunste daarvan was.[64] In 1882 is die wetsontwerpe wat deur die staatspresident of ooreenkomstig 'n besluit van die Volksraad opgestel is van die publikasie-verpligting onthef,[65] maar in die volgende jaar is hierdie vrystelling weer opgehef.[66]

Die publikasie van wetsontwerpe en die reg van die volk om hulle sienswyse daaroor by die Volksraad bekend te maak kon 'n ernstige beperking op die mag van die staatspresident as wetsvoorsteller wees.

---

60) Notule Eerste Volksraad, art. 783, 8 Aug. 1899.
61) Ibid., art. 784.
62) Volksraadsnotule (O.V.S.), 17 Okt. 1856, en nie 17 Feb. 1856, soos Scholtz (a.w., bl. 57, voetnoot 1) meedeel nie.
63) Scholtz: a.w., bll. 57-59; Kyk ook Reglement van Orde (O.V.S.-Volksraad) 1882 (Gouvernements Courant, 26 Julie 1882); ibid., 1884 (ibid., 9 Julie 1884).
64) Scholtz: t.a.p., bll. 58 & 59.
65) Ibid., bl. 58.
66) Ibid., bl. 59.

Noodsaaklik wetgewing kon baie maklik skipbreuk ly as die volk daarteen gekant was, want die geskiedenis van die Z.A.R. het geleer dat die Volksraad enigiets anders sou doen as om teen die wil van die volk te besluit. Dit was bv. die geval met die pensioen-wetsontwerp, wat veral gedurende die negentiger jare herhaaldelik deur die volk afgekeur is, sodat die Eerste Volksraad dit ook nie wou goedkeur nie. Aan die ander kant is die noodsaaklike wetgewing dikwels vertraag omdat die Volksraad nie altyd bereid was om wetsontwerpe te behandel as hulle nie van die volk se houding daarteenoor seker was nie.[67] Waar die volk veral hulle invloed laat geld het, was in die geval van die konstitusionele wetgewingsvoorstelle,[68] waardeur groter mag aan die staatspresident beoog is.

Aan die ander kant kon die opinie van die volk vir die staatspresident 'n waardevolle hulp en steun wees om sy taak in die Volksraad te vergemaklik, want as die volk ten gunste van 'n wetsontwerp was, kon die Volksraad baie moeilik weier om dit te aanvaar,[69] tensy werklik grondige redes vir die weiering aangevoer kon word.

(c) <u>Toeligting en verdediging van wetsontwerpe deur die Staatspresident.</u>

Anders as in die geval van die Amerikaanse president wat wetgewing aan die wetgewende mag kon

---

[67] Vgl. die besluit van die Volksraad m.b.t. pres. Kruger se voorstel om twee volksrade op te rig, nl. dat hulle oor die voorgestelde skema "geen oordeel (kunnen) uitspreken, maar spreekt zyn gevoelen uit dat de Regeering zoodanig concept wetsvoorstel op-trekke en zoo spoedig mogelyk te publiceeren, en by de aanstaande zitting van den Volksraad voor te leggen, ten einde het publiek in de gelegenheid te stellen per memories hun gevoelen daaromtrent uit te spreken, waardoor de Raad alsdan beter in staat zal zyn over het voorgestelde schema te beslissen." Volksraadsnotule, art. 538, 21 Junie 1888 - Byvoegsel <u>Staatscourant</u>, 22 Aug. 1888).

[68] Vgl. Engelbrecht: <u>T.F. Burgers</u>, bll. 288-289.

[69] Vgl. De Volksstem, 10 Aug. 1899 (hoofartikel).

voorstel, maar dan niks verder met die totstandkoming of nie-totstandkoming daarvan te doen het nie,[70] het die staatspresidente van die twee Boere-republieke die reg gehad om nie alleen in die Volksraad sitting te neem nie, maar ook om ingediende wetsontwerpe toe te lig en te verdedig en oor die algemeen aan die besprekinge in die Volksraad deel te neem.

Die toeligting en verdediging van wetsontwerpe deur homself of deur 'n lid van die Uitvoerende Raad wat deur hom daartoe aangewys is, was 'n taak wat deur die Grondwet aan die staatspresident van die Z.A.R. opgelê was.[71] Tydens die bewind van presidente Pretorius en Burgers is dié taak meestal deur die President self uitgevoer, en wanneer dit vir hom onmoontlik was om self te gaan, het hy gewoonlik die Staatssekretaris, wat altyd ten volle op hoogte van sake was, in sy plek gestuur. In 1877, toe op aandrang van president Burgers aan departementshoofde sittingsreg in die Uitvoerende Raad verleen is,[72] is ter selfdertyd ook neergelê dat die staatspresident allereers die betrokke amptenaar, op wie se departement die wetsontwerp betrekking het, sou belas om die toeligting en verdediging daarvan in die Volksraad waar te neem.[73] Na die herstel van die Republiek in 1881, is laasgenoemde reëling in die Grondwet gehandhaaf.[74] Daarmee het die staatspresident geen afstand van sy bevoegdheid gedoen om die taak self te verrig nie, en het president Kruger dikwels saam met die betrokke amptenaar in die Volksraad opgetree. Ongetwyfeld was die wysiging wat in 1877 aangebring is, baie nodig omdat die staatspresident onmoontlik nie oor al die kennis kon beskik wat nodig was om die groot verskeidenheid van wetsontwerpe toe te lig nie, en sommige daarvan het werklik hoogs gespesialiseerde en tegniese kennis vereis.

---

70) Laski: a.w., bl. 3; Gey van Pittius: a.w., bl. 27.
71) Grondwet, 1858, art. 68.
72) Kyk hoofstuk VII, bll. 304-305 van hierdie werk.
73) Toevoeging tot Grondwet, 1877, art. 4 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 680).
74) Wet 3/1881, art.3 (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.1026); Grondwet, 1889, art.64 (ibid.,1888-1889, bl. 182); Wet 2/1896, art.89 (ibid.,1896, bl. 46).

By president Kruger het dit die reël geword om laasgenoemde tipe wetsontwerpe hoofsaaklik aan die betrokke amptenare oor te laat, terwyl hy self opgetree het t.o.v. die wette waarin beginselsake ter sprake gekom het.

Die wysiging wat in 1899 voorgestel is, het in werklikheid niks nuuts ingehou nie, maar was slegs 'n aanpassing by die veranderde samestelling en werkverdeling van die Uitvoerende Raad.[75] Voortaan sou die artikel dan as volg lui:

> "Met de toelichting en de verdediging van de ingediende voorstellen van wet, zyn belast de Staatspresident en de leden van den Uitvoerenden Raad. De Staatspresident kan die toelichting ook opdragen aan andere personen, waartoe in de eerste plaats de ambtenaren in aanmerking komen wier departement in de voorstellen betrokken is."[76]

Hoewel geen spesiale artikel in die Grondwet van die O.V.S. aan die Staatspresident die mag verleen het om die deur hom ingediende voorstelle toe te lig en te verdedig nie, het hy dit net soos sy oor-Vaalse kollega gedoen, kragtens die algemene opdrag wat aan hom verleen is om die Volksraad met raad en advies by te staan en wetsontwerpe ter tafel te lê.[77] Dit was in hierdie persoonlike toeligting van wetsvoorstelle wat die krag van die Staatspresident in wetgewende aangeleenthede geleë was. Indien hy enigsins 'n persoon van die formaat van 'n Brand, Burgers, Kruger en Steyn was, het dit baie selde geskied dat die Volksraad t.o.v. die wetgewing nie na hom geluister het nie. Sy posisie teenoor die Volksraad is nog verder versterk deurdat hy as lashebber van die volk 'n beroep op die volk kon doen indien die wetgewende mag hom nie in sy wetgewende program wou ondersteun nie, want wette was nodig om die gladde verloop van die landsadministrasie,

---

75) Kyk hoofstuk VII, bll. 307-309 van hierdie werk.

76) Konsep-grondwet, 1899, art.80 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.594, 25 Julie 1899). Vir bespreking en onveranderde goedkeuring van die voorgestelde artikel, kyk Notule Eerste Volksraad, artt. 785-786, 8 Aug. 1899.

77) Konstitusie (O.V.S.),1854, art.31; ibid.,1866, art.33 (Scholtz: a.w., bylae 1 en 2); Wetboek van den Oranje-Vrystaat 1854-1891, bl.15.

waarvan hy hoof en waaroor hy verantwoordelik was, te verseker. Die praktyk in die Z.A.R. en die O.V.S. het bewys dat in die dié bevoegdheid wat aan die staatspresident verleen is, baie groot moontlikhede geskuil het. Indien dit 'n bekwame president was, en aan bekwame presidente het die twee Republieke, met uitsondering van enkele persone, geen gebrek gehad nie, en indien hy geweet het hoe om die moontlikhede te benut, het die bevoegdheid om wette voor te stel en toe te lig, hom nie alleen die vernaamste figuur in die wetgewing van die staat gemaak nie, maar het dit hom inderdaad, naas sy posisie as hoof van die Uitvoerende gesag, ook tot hoof-wetgewer in die staat verhef. In dié opsig het die Boere-staatspresidente 'n belangrike voordeel bo die Amerikaanse president gehad.

Die reeds sterk posisie waarin die staatspresident aldus teenoor die Volksraad gestel was, is nog kragtiger gemaak deur die reg wat aan die staatshoofde van die Z.A.R. en O.V.S. verleen is om ook andersins in die Volksraadsvergaderinge teenwoordig te wees en aan die besprekinge deel te neem. Weer spreek die Grondwet van die Z.A.R. hier duideliker as dié van die O.V.S. Eersgenoemde bepaal:

> "De President en de leden van den Uitvoerenden Raad zullen wel zitting doch geen stem in den Volksraad hebben," 78)

terwyl die Vrystaatse president se sittingsreg en reg om aan die beraadslaginge deel te neem, by implikasie ingesluit was in art. 33 van die Konstitusie.[79] Hoewel in die Grondwet van die Z.A.R. van 1858 nie melding gemaak is van die reg tot deelname aan die besprekings deur die president nie, het hy tog vanaf die begin van die Republiek daaraan deelgeneem, maar nie op so 'n groot skaal as wat later die geval was nie. Uitvoerende Raadslede het blykbaar nie die reg gehad om in die Volksraad te spreek nie, **behalwe wanneer hulle** versoek is om dit te doen, want in 1871 het die Volksraad besluit dat lede van die Uitvoerende Raad die Volksraad nie meer langer net van inligting sou bedien as hulle daartoe versoek word nie, maar dat hulle ook

78) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 85.
79) Kyk Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Okt. 1856.

die reg sou hê om self aan die besprekings deel te neem.[80] Hierdie besluit was van geen geringe waarde nie omdat dit die president se hande in die Volksraad beslis gesterk het. Aanvanklik het die lede van die Uitvoerende Raad, waarskynlik omdat hulle nie aan die besprekings kon deelneem nie, die Volksraadsvergaderinge nie bygewoon nie, sodat die Volksraad hom genoop gevoel het om 'n besluit te passeer

> "dat de Ed. Uitv. Raad, indien mogelyk, en geen dringende besigheden hen verhinderen, by elke zitting van den Ed. Volksraad verzocht worden aanwezig te zyn." 81)

Tydens die wysiging van art. 85 van die Grondwet in 1874 is die hele saak egter grondwetlik in die reine gebring deur die volgende bewoording van die betrokke artikel in die Grondwet op te neem:

> "De President en de Leden van den Uitvoerenden Raad zullen zitting, doch geen stem in den Volksraad hebben, echter deel zullen hebben in de discussies en gelyke regten met de Volksraadsleden."82)

In die Grondwette van 1881 en 1889 is weer tot die ou bewoording teruggekeer,[83] maar in die praktyk het die toestand dieselfde gebly. Met die instelling van twee Volksrade in 1890 het die artikel weer aandag geniet en is bepaal dat die staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad in albei Volksrade sitting sou hê en aan die diskussies kon deelneem, maar sonder om oor sake te stem.[84] Op die versoek van die staatspresident kon die Volksraad ook die departementshoofde wat by die besprekings belang het, uitnooi om daaraan te kom deelneem.[85]

Die staatspresident van die Z.A.R. was vry om die Volksraadsvergaderinge na eie goeddunke by te

---

83) Kyk Wet 3/1881, art. 2 (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl. 1025) en Grondwet, 1889, art. 82 (ibid., 1888-1889, bl. 184).

84) Wet 4/1890, art.21 (Locale Wetten der Z.A.R. 1890-1893, bl. 24); Wet 2/1896, art.53 (ibid., 1896, bl.40); Konsep-grondwet, 1899, art.39 soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art.708, 2 Aug. 1899.

85) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art.84 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl.1089). Onveranderd in al die Reglemente van Orde genoem in voetnoot 86 hieronder.

woon,[86] en wanneer hy dit nie self bywoon nie, kon hy 'n afgevaardigde in die persoon van die staatssekretaris of 'n ander lid van die Uitvoerende Raad stuur om die uitvoerende gesag daar te verteenwoordig.[87] Indien hy nie in die vergadering teenwoordig was nie en die Volksraad wou hê dat hy oor 'n sekere saak moes spreek, kon hulle hom skriftelik uitnooi om die vergadering te kom bywoon,[88] terwyl hulle ook die reg gehad het om, wanneer hulle dit nodig gevind het, 'n besluit te neem dat hy hom uit die vergadering moes verwyder.[89] Sover vasgestel kon word het geen Volksraad ooit van laasgenoemde reg in die Z.A.R. gebruik gemaak nie. Die reg wat aan die Staatspresident verleen is om oor enige saak aan die debatte deel te neem, was dikwels verantwoordelik vir lang en uitgerekte besprekings. Daar was naamlik geen beperking geplaas op die aantal kere wat die staatspresident die woord oor dieselfde saak mog voer nie,[90] terwyl bepaal is dat nadat hy of sy verteenwoordiger oor enige saak gespreek het, die diskussie nie gesluit mog word vóór elke lid van die Volksraad die geleentheid gehad het om ten minste een keer daarop te antwoord nie.[91]

---

86) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 83 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 1089); ibid.,1887, art. 82 (ibid.,1886-1887,bl. 184); Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891, art. 72 (ibid.,1890-1893, bl.278); ibid., 1894, art. 74 (ibid., 1894, bl. 321); ibid., 1896, art. 74 (ibid., 1896, bl. 322); Reglement van Orde voor den Tweeden Volksraad der Z.A.R., 1891, art. 66 (ibid., 1890-1893, bl. 308); ibid., 1894,art. 67 (ibid., 1894, bl. 321); ibid., 1897, art. 67 (ibid.,1897, bl. 158); ibid., 1898, art. 67 (ibid., 1898, bl. 367).

87) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 85. Onveranderd in al die Reglemente van Orde genoem in voetnoot 86, hierbo.

88) Ibid., art. 86. Onveranderd in al die Reglemente van Orde genoem in voetnoot 86, hierbo.

89) Ibid., art. 87. Onveranderd in al die Reglemente van Orde genoem in voetnoot 86, hierbo.

90) Vgl. Notule Eerste Volksraad, art. 116, 17 Mei 1894.

91) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 52. Onveranderd in al die ander Reglemente van Orde, genoem in voetnoot 86, hierbo.

Die bepaling het egter nie gegeld wanneer die president of sy verteenwoordiger slegs inligting verskaf het nie.[92] Oor die kwessie van die aantal spreekbeurte van die staatspresident oor 'n saak, het in 1895 22 memories met 893 handtekeninge by die Eerste Volksraad ingekom, waarin versoek is dat die aantal kere wat die staatspresident of sy verteenwoordiger oor 'n saak kon spreek tot twee keer beperk moes word, terwyl 24 memories met 1560 handtekeninge gevra het dat die bestaande stelsel gehandhaaf moes word. Hoewel die voorsitter, op grond daarvan dat die volk d.m.v. die memories self al oor die saak beslis het, gemeen het dat 'n bespreking nie nodig was nie, is die saak tog bespreek, en het o.a. president Kruger self sy opinie oor die kwessie van deelname aan die besprekings in die Volksraad gegee:

> "Z.H.Ed. beschouwde zich als wachter over den geheelen Staat en moest inlichtingen geven waar noodig, al was het ook 10 of 20 maal betreffende de zelfde zaak, en hoe zou sulks kunnen geschieden wanneer Z.H.Ed. niet meer dan tweemaal mocht spreken. Z.H.Ed. had immers geen stem in den Raad, wat Z.H.Ed. niet wilde en wat ook niet mocht. Veronderstel nu dat Z.H.Ed. tweemaal over eene zaak inlichtingen had gegeven en ze werd door een ander lid verkeerd opgevat, dan zou Z.H.Ed. dat lid niet meer kunnen terecht helpen, maar moeten zwygen en dat zou niet mogelyk zyn. Men moet niet uit het oog verliezen er een 25-tal leden hier zitten. Om eene zaak te verdedigen, moest Z.H.Ed. soms meer dan tweemaal spreken; ook als men hem niet dadelyk goed begreep en wanneer het eene zaak zou zyn waaronder de onafhankelykheid van het land zou lyden, indien ze afsprong, dan zou Z.H.Ed. spreken en zich dit door niemand laten beletten, want daarvoor had Z.H.Ed. het land te lief en was het hem te dierbaar."

In elk geval het die Volksraad besluit om die saak soos in die verlede te laat bly.[93]

Dit moet ook hier gemeld word dat die Grondwet van die Z.A.R. die Volksraad onder die verpligting geplaas het om wanneer o.a. die staatspresident dit nodig geoordeel het, met geslote deure te vergader.[94]

---

92) Notule Eerste Volksraad, art.117, 17 Mei 1894 en Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad, 1894, art.43(b) (Locale Wetten der Z.A.R., 1894, bl.225).

93) Notule Eerste Volksraad, art. 414, 19 Junie 1895.

94) Grondwet, 1858, art. 45.

Sedert 1889 is die bepaalde wetsartikel egter so gewysig dat die meerderheid van die Volksraad eers moes besluit of hulle só oor 'n saak sou vergader,[95] wat vanselfsprekend nog die reg van die staatspresident ingehou het om so 'n versoek aan die Volksraad te rig, soos in 1899 deur die Volksraad besluit is.[96]

Die staatspresident van die Z.A.R. het, wanneer hy die Volksraadsvergaderinge bygewoon het, 'n spesiale plek gehad waar hy moes sit, naamlik, net soos sy Vrystaatse kollega, aan die regterkant van die voorsitter van die Volksraad.[97] Ten opsigte van die Tweede Volksraad is bepaal dat die plek van die staatspresident en die lede van die Uitvoerende Raad aan die regterkant van die voorsitter van die Volksraad was.[98] In 1894 het die lid vir Baberton in die Eerste Volksraad, die heer Loveday, beswaar gemaak teen die plek wat deur die Reglement van Orde aan die staatspresident toegeken is, en het hy verklaar dat hy nie met die ou gewoonte kon saamstem nie. Hy het dit beter geag dat die staatspresident in die middel van die Uitvoerende Raad aan die regterkant van die Volksraadsvoorsitter moes sit. Daar was naamlik 'n gevoel onder die volk dat die voorsitter van die Volksraad nie geheel onafhanklik was as die president naas hom gesit het nie.

---

95) Ibid., 1889, art. 42 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 178) en Wet 2/1896, art. 23 (ibid., 1896, bl. 40). Kyk ook Wet 4/1890, art. 23 (ibid., 1890-1893, bl. 25).

96) Konsep-grondwet, 1899, art. 44, soos bespreek en gewysig per Eerste Volksraadsbesluit, arts.716-717, 3 Aug. 1899.

97) Reglement van Orde voor den Volksraad der Z.A.R., 1882, art. 88 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 1089); ibid., 1887, art. 87 (ibid., 1886-1887, bl. 185); Reglement van Orde voor den Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891, art. 77 (ibid., 1890-1893, bl. 279); ibid., 1894, art. 79 (ibid., 1894, bl. 262); ibid., 1896, art. 79 (ibid., 1896, bl. 323).

98) Reglement van Orde voor den Tweeden Volksraad der Z.A.R., 1891, art. 76 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 308); ibid., 1894, art. 79 (ibid., 1894, bl. 322); ibid., 1897, art. 71 (ibid., 1897, bl. 158); ibid., 1898, art. 71 (ibid., 1898 bl. 367).

Die Volksraadslede het gemeen dat dit 'n reëling sedert 1882 was wat die president dié plek laat inneem het, maar volgens die mededeling van president Kruger was dit al die gebruik tydens die bewind van presidente Pretorius en Burgers. In elke geval het die Eerste Volksraad nie van die ~~van die~~ bestaande reëling afgesien nie.[99]

Die Vrystaatse president het van die begin af gevoel dat dit vir hom nie alleen baie moeilik was om die vergaderinge van die Volksraad voortdurend by te woon nie, maar ook dat hy nie graag heeldag in die vergadering wou sit nie.[100] President Brand was veral daarteen gekant dat die staatspresident te veel in die vergaderinge sou spreek, maar beide Boshof en hy het die noodsaaklikheid daarvan ingesien dat iemand in die Volksraadsvergaderinge teenwoordig moes wees om die Volksraad van inligting te bedien sodat geen verkeerde besluite, wat vir die Uitvoerende mag onmoontlik was om uit te voer, geneem sou word nie. Daarom het albei dié Vrystaatse Presidente daarop aangedring dat ten minste aan sekere amptenare, w.o. die Goewermentsekretaris, Staatsprokureur en Ouditeur- of Tesourier-generaal sittingsreg in die Volksraad verleen moes word, sodat hulle dan i.p.v. die staatspresident die nodige inligting kon gee. So 'n tegemoetkoming wou die Volksraad egter nie doen nie.[101]

Waar die president van die V.S.A., wanneer hy wou, die Kongres persoonlik kon toespreek of boodskappe kon stuur, maar nie aan die beraadslagings daaroor kon deelneem nie,[102] kon die Boere-staatspresidente dus ook aan die beraadslagings deelneem en soveel keer as wat hulle wou oor dieselfde saak praat.

---

99) Notule Eerste Volksraad, art. 179, 22 Mei 1894.

100) Vgl. o.a. presidente Boshof en Brand se mededelings aan die Volksraad (Volksraadsnotule (O.V.S.), 2 Feb. 1857, 15 Mei 1880); Aanspraak van pres. Brand, paragraaf 46, opgeneem in Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Mei 1883, en bespreking van die artikel in Volksraadsnotule, 6 & 7 Junie 1883.

101) Ibid.

102) Vgl. Laski: a.w., bl. 4; Munro: a.w., bll. 171-173.

Die verlèning van hierdie bevoegdheid het 'n magtige wapen in die hande van die staatspresident geplaas, en daardeur kon en het hy 'n uiters belangrike invloed uitgeoefen, nie alleen op die aanname van wetsontwerpe onder bespreking nie, maar ook op die neem van gewone Volksraadsbesluite. Die verskillende Staatspresidente het hierdie mag terdeë besef en wou nie altyd daarvan gebruik maak nie, maar aangesien in die Volksrade van albei Republieke

> "geleerde manne eerder die uitsondering as die reël was, 103)

was dit vir die Staatspresidente, hoe graag hulle ook al nie aan die besprekings wou deelneem nie, dikwels nodig om dit te doen. Tipies van die standpunt van o.a. president Burgers, is die volgende woorde:

> "Ik had my voorgenomen geen prominent deel te nemen aan de discussie over deze zaak, daar ik geen grooten invloed wenschte uit te oefenen op de opinie der Volksverteenwoordigers; doch ik word als geperst tot spreken, nu ik zie hoe men deze gewigtige zaak hier zoo oppervlakkig behandelt."104)

Dié redevoering waartoe Burgers hom genoodsaak gevoel het, het dan inderdaad ook 'n heilsame uitwerking op die Volksraad gehad, en het die lede uit die oppervlakkighede wakker geskud. 105) By die deurlees van die Notule van die Volksrade van albei Republieke, maar veral dié van die Z.A.R., waar die staatspresident in die persoon van Kruger 'n baie groter aandeel in die besprekinge geneem het, kom mens tot die oortuiging dat wat president Burgers hier by een geleentheid in woorde uitgespreek het, die ervaring van meer as een president by baie geleenthede was. Aan die ander kant het, veral weer die Volksraad van die Z.A.R., hulleself baie verlaat op wat die staatspresident oor 'n saak te sê gehad het, en was 'n besluit om die staatspresident te versoek om die vergadering te

---

103) Scholtz: a.w., bl. 123.

104) Kyk toespraak van Burgers in Volksraad op 16 Feb. 1877, n.a.v. die koms van Shepstone (gepubliseer deur Engelbrecht: T.F. Burgers, bll. 280-284).

105) Vgl. Engelbrecht: ibid., bl. 286.

kom bywoon, óf om die bespreking van 'n saak uit te stel tot die staatspresident in die vergadering teenwoordig sou wees, geen uitsondering nie. Wat veral uit die Notule van die Volksraad van die Z.A.R. duidelik blyk, is dat die Volksraad baie selde 'n besluit geneem het wat met die beskouing van die staatspresident teenstrydig was.

Selfs ook die publiek was bewus van die onontbeerlikheid van die staatspresident in die Volksraadsvergaderinge,[106] en die noodsaaklikheid van die president se aanwesigheid by die besprekings is by meer as een geleentheid deur die pers beklemtoon. In 1874 het De Volksstem o.a. die volgende geskrywe n.a.v. die sitting van daardie jaar, en omdat dit ook vir baie ander sittings kon geld, word dit hier volledig aangehaal.

> "De President heeft stellig een voornaam, misschien een al te voornaam aandeel genomen. Op een afstand heeft men 't betwyfeld of 't betamelyk of waardig is voor een President van een Staat om zulk een voornaam aandeel te nemen. Deze is een van de vele misslagen waarin kritische vrienden op een afstand zoo gemakklyk vervallen wegens gebrek aan bekendheid met den waren toestand. Perzoonlyke bywoning van eenige zittingen van onzen Raad is het beste en eenige antwoord. Wy stemmen gereedelyk toe dat in eene Regering, zaamgesteld op een grondslag van verantwoordelykheid, waar elk hoofd van een departement individueel aansprakelyk is voor zyn departement, de tegenwoordigheid van het hoofd van den Staat niet noodig is in de Wetgeving. Doch hier is het geval verschillend. De President is feitelyk de eenige verantwoordelyke ambtenaar voor de handelingen zyner ondergeschikten. Wy zeggen niets omtrent het wenschelyke van zulk een stelsel. Inderdaad achten wy het eerder nadeelig dan anderzins. Doch zoolang 't het sisteem is, is Z.H.Eds. tegenwoordigheid in den Raad onontbeerlyk. De knoeyers werden dikwyls teleurgesteld in hunne kleine plannetjes, welke zy in zyne afwesigheid ingang trachten te doen vinden, door de tydige verschyning van den President. De

---

106) Vgl. bv. De Volksstem, 11 April 1874: memorie, d.d. Rustenburg, 31 Maart 1874 (onderteken deur die Volksraadslid, landdros en 69 ander persone.

zich inbeeldende leider der oppositie, de heer Buhrmann, trok elk voordeel van Z.H.Eds. afwezigheid om een tegenstander te zyn, en hing even plotseling zyne zeilen naar den wind wanneer hy op geslepen wyze bevond dat er, ten gevolge van 's Presidents groote verstandelyk vermogen, geen kans was om tegen gezonde redenering zich te verzetten in Z.H.Eds. onverwachte tegenwoordigheid. Op één en denzelfden dag - soms drie of vier malen op één en denzelfden dag - plagt hy eene zaak te zeggen in de afwezigheid van den President, alleen - nou men zou 't nauwelyks gelooven ware 't niet een sprekend feit - om kort daarna j u i s t h e t t e g e n o v e r g e s t e l d e te zeggen nadat Z.H.Ed. heel bedaard de Raadzaal was binnengetreden! 't Was hier derhalve dat de waarde van de persoonlyke tegenwoordigheid des Presidents gevoeld werd. Bovendien verlangde de Raad, wegens langdurige gewoonte, als een echt Republikeinsch ligchaam, om den President zelven te zien en te hooren. De President des lands heeft altyd eene belangryke invloed uitgeoefend op die beraadslagingen der Volksraadsvergaderingen in dit land en zal zulks steeds uitoefenen zoolang de Raad diens Republikeinsche onafhankelykheid handhaaft. De Grondwet heeft aan Z.H.Ed. geen zetel in den Raad, maar een levendig aandeel in diens beraadslagingen toegestaan. Hy bekleedt hetzelde(hoewel hier een betrekkelyk) standpunt als de Premior van een verantwoordelyk kabinet elders inneemt. Zyne afwezigheid uit den Raad of uit het land kan dus noode worden geleden......"107)

Hierdie artikel kon net sowel t.o.v. president Kruger se optrede geskryf gewees het.

Die groot invloed wat die Presidente van die Z.A.R. en die O.V.S. in die onderskeie Volksrade uitgeoefen het, was nie soseer die resultaat van die bevoegdhede as sodanig wat die onderskeie grondwette aan hulle verleen het nie, naamlik om in die vergaderinge van die Volksraad teenwoordig te wees en aan die beraadslaginge deel te neem. Die oorsaak vir hierdie invloed was veral geleë in omstandighede buite die grondwette, en in albei state kan daar veral twee faktore onderskei word waaraan die onderskeie Presidente die ontsaglike invloed te danke gehad het.

Die eerste faktor is dat die Volksrade van die Republieke saamgestel was uit manne wat in hulle onderskeie omgewings invloedryk was, maar wat in die

---

107) De Volksstem, 12 Des. 1874 (hoofartikel).

meeste gevalle van regeringsake baie min geweet en nog minder ervaring daarvan gehad het. Dit was manne wie se geleerdheid en opvoeding ver te kort geskiet het vir die behoorlike uitvoering van die taak wat op hulle skouers gerus het.[108] By die deurlees van die Notule van die Volksraad van die Z.A.R. staan mens meer as een keer verbaas oor die kinderagtige optrede en opmerkings van sommige lede, asook oor die swak begripsvermoë wat deur sommige verteenwoordigers van die volk aan die dag gelê is. Selfs so laat as 1889 was dít nog die toestand, en het dit die volgende rake beskrywing aan die pen van 'n koerant-redakteur ontlok:

> "The franchise is vested mainly in the hands of a bucolic population, who elect men to the Volksraad of mediocre intelligence and education - sufficient, perhaps, for the circumstances of the country at the time when that constitution was first framed, but wanting in the intelligence and education which should be possessed by the legislation of a country progressing as this is doing, and advancing with strides beyond their power of efficient control."[109]

Die tweede faktor wat vir die groot invloed van die president verantwoordelik was, was die feit dat die Presidente van die twee Republieke die Volksrade oor die algemeen oorskadu het (met uitsondering van een of twee Presidente) wat onderwys, opvoeding en redeneervermoë betref, terwyl hulle persoonlikhede hoog bo die van die Volksverteenwoordigers uitgetoring het. Wat die Vrystaatse posisie betref skryf Scholtz:

> ".... die persoonlikheid van die president (het) hom steeds in staatsake laat geld. Die stigters van die konstitusie wou die president in 'n noue en stywe keurslyf wring deur allerlei beperkings op hom te plaas, maar die keurslyf was elasties en het hom gewoonlik aangepas by die persoonlikheid van die president. Die president het op dié wyse sy eie plek in die bestuur van die staat gemaak so groot of so klein as wat hy wou. Was hy van 'n heersersnatuur, dan is sy invloed orals gevoel. Daarby het nog die feit gekom dat die laaste drie presidente manne met 'n Europese opvoeding was en in 'n Volksraad, waar geleerde manne eerder die

---

108) Kyk voetnoot 103 van hierdie hoofstuk.

109) The Star, 7 Nov. 1889 (hoofartikel).

uitsondering as die reël was, spreek dit vanself dat die lede gewoonlik in die debateerkuns die onderspit teen die president gedelf het en dat hy op dié wyse heelwat ontwerpe gepasseer gekry het." 110)

In die Z.A.R. het M.W. Pretorius feitlik geen invloed uitgeoefen nie, maar ná hom het Burgers gekom. Hy was 'n man met 'n Europese opvoeding, wat veel invloed op die Volksraad uitgeoefen het,[111] maar wat nog veel meer kon uitoefen indien hy die volle vertroue van die Raad en die volk geniet het. Sedert 1883 het die president van die Z.A.R. in die persoon van die ongeleerde Kruger egter 'n ontsaglike invloed op die Volksraad uitgeoefen. Selfs 'n koerant wat nie juis as 'n ondersteuner van Kruger bestempel kon word nie, was genoodsaak om te verklaar:

> "His Honour President Kruger stands head and shoulders above his colleagues in the Legislature. He is a giant among them both in intelligence and in statecraft. Deficient as he no doubt is in education, he is yet by a very long way the foremost man in the State. He is the only really capable man in the Administration. He has, by a long life devoted to the service of this country, acquired an influence with his fellow-burghers such as no other man in it ever possessed. His word is as law to them. Whatever policy he elects to pursue has hitherto been accepted, with but rare exception, as that of an oracle which cannot err."112)

Weliswaar het president Kruger besonder veel gebruik gemaak van die reg wat aan hom verleen is om aan die beraadslaginge in die Volksraad deel te neem, sodat binne twee jaar nadat hy die presidentsamp vir die eerste keer aanvaar het, sommige Volksraadslede, hoewel nie in die openbaar nie, gekla het dat Kruger te veel in die Raad spreek.[113]

---

111) Vgl. Jorissen in sy Memorandum (1877) (Engelbrecht: T.F. Burgers, bl. 332): "Onnoodig is het in herinnering te brengen met welk een moeite de belangryke besluiten van den Volksraad zyn tot stand gekomen. Slechts dit éène: nooit zou iets van dien aard door de vergadering gedaan zyn, ware het niet dat de macht van den Staatspresident, neen de macht van den persoon, op dit oogenblik Staatspresident, het haar als afgedwongen had."

112) The Star, 7 Nov. 1889 (hoofartikel).

113) Vgl. De Volksstem, 23 Jan. 1885 (hoofartikel).

Hy het naamlik die gewoonte aangekweek om oor elke onderwerp te spreek en om byna elke spreker te antwoord. Dit het so erg geword dat die voorsitter van die Volksraad verplig was om die President te versoek om minder te spreek, anders sou hy sy spreekbeurte naderhand moes beperk, maar ook dié bedreiging het geen blywende uitwerking gehad nie. Ten opsigte van hierdie optrede van Kruger het De Volksstem o.a. die volgende besware gehad:

> "Wy twyfelen er voor geen oogenblik aan of Z.H.Ed. gelooft in het waarachtig belang van het land te handelen met zoo dikwyls aan de discussies deel te nemen; maar we willen 't hem toch in ernstige bedenking geven of hy werkelyk het geluk des lands daarmeê bevordert. Vooreerst betwyfelen wy 't dat hy daardoor zyne waardigheid als hoofd van den Staat bevordert. In geen beschaafd land gebeurt 't dat het hoofd van den Staat deel neemt aan de beraadslagingen der Wetgeving, behalve in den Vrystaat en hier om zeer geldige redenen. Bovendien dat veelvuldig optreden in het debat geeft den schyn dat de President tegen wil en dank zyne maatregelen er doorvoeren wil, en zulk een schyn behoort het hoofd van den Staat te vermyden. Het verlengt ook nog de werkzaamheid van het Wetgevend Ligchaam, want elk lid heeft het regt den President te beantwoorden telkens nadat hy het woord gevoerd heeft. Niet dat wy verlangen dat de President geen deel zal nemen aan de beraadslagingen der Wetgeving. Verre van daar. Onze administratieve machinerie is zoo ingerigt dat Z.H.Ed. niet anders kan daaraan deel te nemen. Wy komen alleen op tegen het te veelvuldig gebruik maken van dit regt."[114]

Daar was egter ook nog 'n ander rede waarom die p esident genoodsaak was om veelvuldig in die Volksraad op te tree. In die afwesigheid van die verantwoordelike ministers, soos in 'n parlementêre staat, en in die afwesigheid van politieke partye, elk met 'n eie leier, was die staatshoof in die twee Boere-Republieke die enigste persoon wat leiding kon gee, en sodanige leiding was gebiedend noodsaaklik.[115]

---

114) Ibid.

115) "A public meeting, without regular leadership, is like an army without generals. It is apt to degenerate into a mob with all the mob vices of fitfulness, haste and tyranny." (Sydney Low: Governance of England, London, 1927, aangehaal deur Scholtz: a.w., bl. 122).

In beide Boere-republieke het hierdie stelsel een groot gevaar ingehou. Vanselfsprekend sou 'n staatspresident, as enigste verantwoordelike hoofamptenaar, die werksaamhede van die wetgewende mag in so 'n rigting stuur dat dit met sy beleid ooreenstem. As hy daarby 'n persoon van die formaat van 'n Brand, 'n Steyn en veral 'n Kruger was, kon hy die Volksraad so beheers dat sy optrede die skyn van outokrasie kon verkry. Dit was inderdaad die geval met president Kruger, en meer as een keer is hy daarvan beskuldig dat hy as 'n outokraat opgetree het.[116] As die onbekwaamheid van die Volksraad, en as die patriotisme en hoë verantwoordelikheidsbesef van Kruger, sowel as sy heilige oortuiging dat hy die oordeel van God oor hom sou haal as deur sy toedoen die onafhanklikheid van die staat in gevaar gestel sou word,[117] in aanmerking geneem word, kan die optrede van Kruger egter nie sonder meer te skerp beoordeel word nie. Selfs 'n koerant soos The Standard and Diggers' News het na aanleiding van 'n aanval wat deur eerwaarde Gray van Pretoria op die optrede van Kruger gemaak is, onomwonde verklaar:

> "His Honour has so perorated in the past as a participator in the country's political proceedings that he has pioneered his land to the proudest position. Fundamental principles notwithstanding, he fulfills even as a 'common debater' a great duty as an active representative of the people. He is needed where we find him today. He may have a bias; but it is a healthy one, being a bias towards Republicanism and the Right as opposed to Imperialism and the Wrong. A principle is very good on paper, but practice, even in violation of it, is in this instance sanctioned by the custom and circumstances of the country. President Kruger is the still strong man in a blatant land. His presence in the Legislative Chambers

---

116) Vgl. bv. The Star, 30 Julie 1889, 7 Nov. 1889, 24 Mei 1890, 12 Julie 1890; The Standard and Diggers' News, 17 Mei 1889, 20 Julie 1889, 2 Junie 1892; The Friend, 27 Feb. 1889.

117) Vgl. die antwoorde van president Kruger op rekwisies in 1888 en 1893, en sy redes by geleentheid van sy inswering in 1888, 1893 en 1898 (J.S. du Plessis: a.w., bll. 32, 33, 46, 49 en 56 onderskeidelik, asook a.w., aantekening 1, bll. 117-118).

> is a preventative of many an evil which Imperialistic wire-pullers, through their representatives, might manage."[118]

Tog moet aan die ander kant erken word dat president Kruger se optrede by enkele geleenthede rede gegee het tot die beskuldiging dat hy outokraties opgetree het. Sy opvatting dat hy

> "als wachter over den geheelen Staat"

gestel was,[119] het by hom die neiging laat ontstaan dat hy etlike kere wanneer regeringsmaatreëls in die Volksraad bestry en/of afgekeur is, ŉ houding ingeneem het wat beslis nie by ŉ staatshoof gepas het nie, en wat onherroeplik die indruk geskep het dat hy ontevrede was wanneer die Volksraad hom nie met Regeringsmaatreëls wou vereenselwig nie. Inteendeel het hy sodanige optrede van die Volksraad gewoonlik as ŉ optrede teen sy eie persoon geïnterpreteer.[120]

Dit was nie net die gesproke woord van Kruger wat die beraadslaginge in die Volksraad beïnvloed het nie, maar dit het ook geskied deur sy blote aanwesigheid in die vergaderinge. In 1894 het dié saak ŉ ernstige bespreking in die Eerste Volksraad uitgelok toe enkele lede ŉ beperking op die sittingsreg van die staatspresident in die Volksraad wou plaas. Daar is op gewys dat die President selfs deur slegs met sy hoof afkeurend of goedkeurend te knik as lede sekere opinies lug of ŉ voorstel gedoen word, ŉ groot invloed uitgeoefen het. Ook oor hierdie saak het president Kruger weer gespreek en het hy aangetoon hoe noodsaaklik hy dit beskou het om in die vergaderinge teenwoordig te wees, met die gevolg dat diegene wat klagtes ingedien het, dit ook nie veel verder

---

118) The Standard and Diggers'News, 4 Aug. 1891. Vgl. ook ibid., 3 Junie 1892, 9 Okt. 1894, 10 Okt.1895, 10 Okt. 1896, 14 Des. 1897, en The Star, 3 Junie 1889, 11 Okt. 1889 oor Kruger se invloed in die Raad.

119) Kyk voetnoot 93 van hierdie hoofstuk.

120) Vgl. bv. De Volksstem, 22 Jan. 1885; The Standard and Diggers' News, 2 Junie 1892, 3 Junie 1892; The Star, 24 Mei 1890; Land en Volk, 8 Julie 1897.

kon bring nie.[121]

(d) Geen mosie van wantroue.

ŉ Besonder posisie waarin die staatspresident van die Republieke verkeer het, was dat die Volksraad geen mosie van wantroue in hom kon stel nie en dat die afkeuring deur die Volksraad van maatreëls wat hy voorgestel of getref het, geen mosie van wantroue kon ingehou het nie. Hoewel die president kragtens die onderskeie Grondwette aan die Volksraad vir sy handel en wandel verantwoordelik was, is hy nie deur die Volksraad in dié amp gestel nie, maar is hy deur die volk gekies, en so lank hy aan die verlange van die volk beantwoord het,[122] kon hy sy amp beklee, óf die Volksraad sy voorgestelde of getroffe maatreëls nou ook al goed- of afkeur.

Normaalweg het geen President van die twee Republieke hom daaraan gesteur as sekere maatreëls nie deur die Volksraad goedgekeur is nie. Tog het dit by enkele geleenthede voorgekom dat ŉ verskil tussen staatspresident en wetgewende gesag op botsings uitgeloop het, wat beslis ernstige gevolge kon gehad het as daar nie tydig tot ŉ vergelyk gekom is nie.[123] In 1890 het president Kruger byvoorbeeld, ooreenkomstig ŉ koerantberig, toe die Eerste Volksraad maatreëls i.v.m. ŉ konsessie vir die markgebou te Johannesburg wat alreeds getref was, nie wou goedkeur nie, prontuit verklaar dat óf die Raad hulle sienswyse moes verander, óf hy sy pos sou moes ontruim.[124] In 1897 het die botsings tussen president Kruger en die Volksraad ŉ hoogtepunt bereik toe die Eerste Volksraad na langdurige bespreking besluit het om die kontrak m.b.t.

---

121) Kyk Notule Eerste Volksraad, art. 171, 22 Mei 1894.

122) Grondwet (Z.A.R.), 1858 art. 72; ibid., 1889, art. 69 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl. 182); Wet 2/1896, art. 94 (ibid., 1896, bl. 47). Vgl. ook president Burgers se verklaring in ŉ toespraak voor die Volksraad: "Als het volk den President niet vertrouwt dan moet men hem afzetten."(Engelbrecht: T.F. Burgers, bl.304). Vgl.ook Scholtz:a.w., bll. 120-121.

123) Kyk Scholtz: t.a.p., bll. 89-96 i.v.m. sodanige botsings in die O.V.S.

124) Kyk The Star, 24 Mei 1890 (hoofartikel).